

26 Februarie

Skrifgedeelte: Job 37:1-14

Fokusgedeelte: Job 37:14

“Nadink oor die wonderdade van God”

Een van die wonderlikste dinge in 'n mens se lewe is om stil te kan word en oor die wonderdade van God na te dink. Ons sien daardie wonderdade in só baie dinge om ons raak. Dink maar net aan die skepping ... aan die wonder van kerk-wees ... aan die onverdiende genade van God. God se wonderhand doen wonderdade.

In Job 37 maak Job se een vriend, Elihu, 'n moedelose Job ook op die wonderdade van God attent. Job is gedurig besig om soveel lewensvrae te vra. Maar hy beleef, soos ons ook maar, dat elke mense-antwoord op elke lewensvraag steeds aan insig en waarheid mank gaan ... nóóit kan géén mens se antwoord finaal wees nie. Elke menslike antwoord is eintlik maar insigloos, tydgebonde en vol gebreke. Daarom is ook Job se drie vriende se antwoorde op sý lewensvrae gebrekkig. Deur die insig van die Heilige Gees beveel Elihu in Job 37 sy vriend aan om sy antwoorde in die wonderdade van God te soek.

Só maklik lyk God se werke en dae nie na wonders nie, want wié verstaan altyd wat die Here doen en hoekom Hy dit doen (kyk vs. 5b)? Agter alles, so leer die Bybel ons egter op talle plekke, laat God alles ten goede meewerk vir dié wat Hy liefhet. Sy stem weerklink oor die hele aarde.

Die grootste wonderdaad van God was toe Hy Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur het ... Hom laat ly en laat sterf het ... vir jónu sonde. En as God dan vandag in jou lewe ingryp deur 'n storm van pyn of hartseer ... van siekte of dood ... van nood of angs ... weet dan dat jy alleen maar voor die heilige aangesig voor die wonderdade van 'n Almagtige God staan! Jou lewe word omring deur onbegryplike, Goddelike wonderdade. In alles wat daarom in die lewe gebeur, het ek en jy met die wonderdade van ons hemelse Vader te doen. Daarvoor dank ons God elke dag!

Sing: Psalm 4:3 (Totius)

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)